

Pretoria 150 lesing

In die middel van foto nommer 1 is die eerste kerk wat op Kerkplein gebou is. Die kerk is tussen 1854-1857 gebou en was 'n eenvoudige saaltipe gebou met dik mure en 'n graddak. Die bouers was William Skinner en die twee Devereux broers. Op een van die gewels was die voorletters van die bouers: DD en S en die jaartal 1855 daaronder. Daar bestaan 'n hele paar fotos van die ou kerk maar nie op een van die fotos kon ek die bouers se voorletters sien nie.

Daar was sitplek vir 700-800 mense. Reeds met die inwyding van die kerk deur ds. Van der Hoff in Februarie 1857 was die kerk te klein en sommige mense het selfs op die balke gesit. In die sestiger jare is die kerkgebou vergroot deur die aanbou van 'n konsistorie en nog 'n vleuel. Die konsistorie kan regs op die foto gesien word en links is die nuwe vleuel.

Die kerkgebou is in September 1882 eers deur 'n storm ernstig beskadig en nog dieselfde maand deur 'n verwoestende brand, wat op raaiselagtige wyse ontstaan het, verder in puin gelê. Slegs die trap van die preekstoel en een nagmaaltafel kon gered word. Verskillende mense het hierdie raaiselagtige brand gesien as 'n oordeel van God omdat Shepstone in die Kerkgebou en nie in die Raadsaal ingesweer is. Daar is soms spottenderwys na Shepstone verwys as die duiwel se slypsteen.

Op Kerkplein staan nou 'n nuwe kerk. Dit is die tweede en ook die laaste kerk wat op Kerkplein gebou sou word. Een van die boukontrakteurs was Marinus Franken en daarom word soms na die kerk verwys as die Franken Kerk.

Hierdie kerkgebou wat die Victoriaans-Gotiese boustyl verteenwoordig het, was die eerste kerkgebou noord van die Vaal met 'n toring. Die lengte en breedte van die kerkgebou was onderskeidelik 140 voet en 80 voet terwyl die toring by die hoofingang, wat in die rigting van Kerkstraat-Oos gefront het, 150 voet hoog was. Die kerkgebou sou aan 'n duisend persone sitplek bied. In die toring was 'n pragtige orrel geïnstalleer. Die kerk is op 23 Januarie 1885 in gebruik geneem en 1905 afgebreek. Die klok van die ou kerk lui vandag in die Oos Kerk naby Loftus Versveld.



Foto 7

Die volgende foto wat ek wil wys is hierdie een van Kerkplein. Die presiese datum waarop dit geneem is, is nie bekend nie. Hier is die Raadsaal pas voltooi en die bourommel is verwyder. Ons sien ook die horlosie is nog nie geïnstalleer nie. Die datum van die foto skat ek ongeveer 1893/94.

Kom ons kyk 'n bietjie na 'n vergroting van die toring van die Raadsaal.



Foto 8

Baie skrywers het al geskryf oor die vrou op die toring van die Ou Raadsaal. Volgens oorlewering het sy oorspronklik nie 'n hoed opgehad nie wat die inwoners van Pretoria baie gehinder het. Meeste skrywers noem dit 'n storie en gebruik die woorde moontlik, miskien of dit was glo so. Op hierdie foto kan mens sien dat sy geen hoed of helm op het nie. Vergelyk dit nou met 'n later foto van die toring.




Foto 9

Die Engelse vlag is 'n teken dat hierdie foto na die Engelse inname van Pretoria geneem is. Hier spog sy definitief met 'n hoed.

Kom ons gaan weer terug na foto 7 van Kerkplein. Nou wil ek 'n bietjie stilstaan by die dubbelverdieping gebou tussen die Ou Raadsaal en die akkerboom. Dit was die Doodskis of the Coffin genoem.




Foto 10

Kyk ons na 'n kaart van 1889 dan kan mens sien waar die naam vandaan gekom het. Maar hoe is dit dat 'n gebou in die straat gebou was ???

Met die eerste opmeting van Kerkplein deur die Devereux broers en William Skinner, en ook die daaropvolgende opmeting deur Andries du Toit was erf nommer 411 en 410 aangrensende erwe sonder 'n straat tussenin.

Erf No. 411 het 'n straataansig in beide Kerkplein en Pretoriusstraat gehad terwyl erf No. 410 slegs aan Pretoriusstraat gefront het. In 1878 het die westelike helfte van erf No. 411 behoort aan R.C. Green en die aangrensende gedeelte van erf No. 410 aan die broers Egbert Johannes Koch en Johan Pieter Koch, van die firma Koch & Co. Op 1 Oktober 1878 het hulle 'n ooreenkoms gesluit t.o.v. die twee aangrensende erwe wat bepaal dat die eenaar van erf No. 411 [d.w.s. R.C.Green] 'n ewigdurende deurweg na Kerkplein sou voorsien en dat die eenaars van erf No. 410 [Koch broers] jaarliks 'n bedrag van £54 aan die eenaars van erf No. 411 daarvoor sou betaal.

Die eerste onderverdeling van die westelike gedeelte van Erf No. 411 het op die 16de Januarie 1889 plaasgevind toe R.C. Green aan die Kaap die Goede Hoop Bank [Beperk] 'n klein driehoekige stukkie grond, groot 6 vk. roedes en 50 vk. voet, met 'n front aan Kerkplein, verkoop het vir £3, 000.

Op hierdie stukkie grond is die befaamde of berugte "Doodskis"-gebou opgerig deur die Kaap de Goede Hoop Bank. 'n Nou gang van drie voet het die gebou geskei van die Alhambra-saal. Alhoewel die deurweg nog steeds bestaan het, het R.C.Green deur die verkoop van die stukkie grond aan die Kaap de Goede Hoop Bank die straatfront van die Alhambra-saal versper. Mens kan maar net wonder hoekom?

Die Kaap de Goede Hoop bank het nie lank in Pretoria bly voortbestaan nie. Op 20 September 1890 het hy sy bedrywighede in Pretoria gestaak.

In 1921 het die Stadsraad die gedeelte waarop die doodskis gestaan het aangekoop en so kon Parlementstraat toe uitgemeet word. In ou dokumente word na die straatjie verwys as Kochstraat, Kochlaan of Teaterlaan.

Die gebou het later baie onstabiel geword en die boonste verdieping is afgebreek.



Foto 11

Hier is 'n later foto waar die gebou van die Kaap de Goede Hoop Bank deel van His Majesty's Theatre geword het. As mens na die motorkar kyk is hierdie foto ongeveer 1912 geneem.

Om terug te keer na foto 7 van Kerkplein. Langs die gebou van die Kaap de Goede Hoop Bank sien ons die laaste oorblywende akkerboom. Die bome is oorspronklik net na die aanleg van Pretoria deur Kootjie Vermeulen voor sy huis aangeplant, maar nadat die doodskis gebou is het net een van die bome oorgebly. Die bome was vir jare 'n landmerk in Pretoria. Daar is gereeld veilings onder die bome gehou. Na die tweede Vryheidsoorlog het die laaste boom ook finaal van die toneel verdwyn.

Die lang gebou met die stoep was in 1899 die Pretoria Hotel maar die naam het later verander na die South African Hotel. Een van die vroeë inwoners van Pretoria, Hugh Romily Abercrombi het geskryf hoe interessant dit was om tydens die nagmaalweek op die stoep te sit en die bedryghede op die plein gade te slaan.

In die volgende gebou was die kantore van die Transvaal Eksekuteurskamer. Hulle was makelaars en het in 1889 onder andere die volgende agentskappe verteenwoordig:

Castle Mail Packets

London & Lancashire Fire Insurance Co.

London & Provincial Fire Insurance Co.

Mutual Life Assurance Society

Phoenix Fire Insurance Co.

Royal Insurance Company

Die winkel op die suid oostelike hoek van Kerkplein is in Mei 1874 voltooi. Hier is dit Field & Nephew maar later word dit Field & Hoffman.

In daardie dae was daar geen gemeenskapsaal in Pretoria nie. Soms is toestemming verleen om byeenkomste in die Volksraadsaal te hou. So was daar byvoorbeeld 'n uitstalling van fotos en

goudklonte van die goudvelde en die Literêre Vereeniging het soms hul lesings daar aangebied. Vir gewone vermaak is die skoolkamer gebruik. Daar is verskeie musiekaande, konserte en toneelopvoerings gehou. Die dames van Pretoria was hard aan die werk om geld in te samel om 'n gemeenskap- of stadsaal te bou.

Toe die winkel van Fild & Nephew klaar gebou is het die inwoners van Pretoria hul kans waargeneem en dit feestelik ingewy en eers 'n hele paar dae lank gebruik voordat Field met sy besigheid kon begin. De Volkstem van 9 Mei 1874 berig “verlede Vrydagaand het die Heer Lys en en sy vrou 'n uitmuntende bal in die nuwe pakhuis van die Heer Field gehou. Die pakhuis was fraai versierd met vlae en groenigheid. Die mense het gedans tot vroeg die Saterdag oggend”.

Saterdagmiddag was daar 'n kinderbal gehou. Dit was 'n ander naam vir 'n kinderpartytjie.

Die Maandagaand het die Biskop van Zululand 'n lesing gehou oor die aardkors. Later die aand was daar 'n musiekuitvoering. Veral die optrede van die Heer Sawyers op 'n Engelse konsertina het groot byval gevind.